

31 Oktober 2021

# Hoërskool Kategese

## Markus 12:28-34

nouts  
praktiese wysheid...



### wat wil jy vandag bereik?

Hierdie week gesels ons oor die opsomming van die Wet. Dit is ook vandag Hervormingsondag – maak seker dat hulle verstaan waaroor dit gaan en hoekom dit so belangrik is.

Ons kan nie sê dat ons Jesusvolgeling is en vir God lief is, maar ons wys nie ons liefde vir ander nie.

Ter wille van gemeentes  
wat gewoon is aan die ritme  
van Kontak-kategese,  
plaas ons in hakies  
hoe dit in daardie raamwerk inpas.

Besef egter asb. dat NOUS weggestap het van Kontak-kategese. NOUS se kategese-model is steeds gebaseer op Groome se model, maar ons het dit verder ontwikkel sodat dit makliker in gemeentes toegepas kan word.

Gemeentes is welkom om lede van die NOUS span te nooi om opleiding rondom hierdie metodiek te kom aanbied.

### ons storie: ysbreker (hier en nou)

Gesels vinnig oor die eksamen wat voorlê. Wat is die vak waarvoor jy die bangste is?

Vandag is Hervormingsdag - hoekom vier ons dit?

Wat is die belangrikste reël wat jy dink mense moet volg?  
Wat is jou lewensmotto?

Wat dink jy moet die Kerk se belangrikste eienskap wees?  
Wat moet 'n Jesusvolgeling se belangrikste eienskap wees?

### word stil

Lees Psalm 46. Wat beteken dit vir jou so kort voor die eksamen?

Luister na Shane & Shane se weergawe van Psalm 46  
[https://youtu.be/PKs\\_gQecaDY](https://youtu.be/PKs_gQecaDY)

### GOD se storie wat sê die Bybel (daar en dan)

lees Markus 12:28-34 saam as 'n groep

As daar tyd is, kan elkeen dit daarna weer op sy/haar eie tyd lees.



## gesels dan oor die volgende saam

- Noem enige iets uit die gedeelte wat jou geraak het. Of enige vrae wat jy nou het.
- Sommige mense noem hierdie gedeelte die Jesus-Credo. Kyk gou of julle dit al uit julle koppe ken! Dis nogal 'n belangrike gedeelte.
- Wat beteken dit om die Here met 'passie' te dien? Hoekom sukkel ons so om die Here met passie te dien?
- Wanneer dien ek die Here 'uit selfbelang' en wanneer dien ek die Here met my hele self?
- Party mense sê dat as jy nie ander mense liefhet nie, jy nie regtig vir God liefhet nie. Hoekom dink jy dis (nie) waar (nie)?

Kan jy dink aan 'n keer in hierdie week wat verby is toe jy vir God ontmoet het? Wat het jy in die week wat verby is vir iemand anders gedoen? Wat dink julle is die verband tussen die twee vrae?

Wat maak dit vir ons moeilik om God so lief te hê?  
Wat maak dit vir ons moeilik om mekaar lief te hê?  
Wat maak dit vir ons moeilik om onself lief te hê?

Die Skrifgeleerde het naby aan die koninkryk van God gekom, omdat hy besef het dat sy goeie dae hom nie kan red nie. Wat is dan die enigste ding wat ons kan red? Lees ook sommer Ef. 2:8-10.

Wat kan jy doen hierdie week om vir ander te wys dat jy nie net vir God lief is nie, maar ook vir ander mense?

## ons nuwe storie

Hoe ons nuut, dink, doen en leef in die wêreld rondom ons. Verder en Voor

Bid hierdie week elke dag:

"Oh, Lord, give thy servant this mornin' the eyes of the eagle and the wisdom of the owl. Illuminate my brow with the sun of heaven. Possess my mind with love for the people. Turpentine my imagination. Grease my lips. Electrify my brain with lightning of the Word. Fill me plumb full of dynamite of thy glory. Anoint me all over with the kerosene of salvation and set me on fire. Amen."

## na die erediens

As julle groep na die erediens bymekaarkom waarin die teks hanteer is

- Noem enige iets uit die prediking wat jou geraak het of wat jy nie verstaan nie.
- Wat dink julle was die hoofgedagte? Kan julle dit in een sin opsom?

## bid vir mekaar

Is daar enige iets waarvoor die groep vir jou kan bid?

Onthou julle nog die ABC van gebed?

**A**anbidding

"Here, ek aanbid U, want..."

**B**elydenis

"Here, vergewe my vir..."

**V**oorbidding

"Ek bid vandag vir..."

**D**anksegging

"Dankie, vir..."

**E**ie behoeftes en toewyding

"Here, help my om..."

